Ps. 105: 1, 2. Die Prediking v.d. Versoening | Intreepreek Aasv. Kap. 15 Nov. 1959.

2 Kor. 5: 11-6:10

Ges. 40: 1, 5, 6.
" 156: 2, 5.

IAP ✓

2 Kor. 5: 18 - En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening v.d. versoening gegee het

Die intrede van 'n Evangeliedienaar in 'n nuwe gemeente (en veral as so 'n gemeente 'n nuutgestigte is) ~~laat~~ bring beide leraar en gemeente te staan voor 'n baie belangrike vraag: Wat is die ~~uiteinde~~ hoogste doelwit waarna albei moet strewe? Gaan dit in hierdie nuwe gemeente eerstens om die bou van 'n nuwe Kerk? Die insameling van fondse? Die saambinding van 'n groep lidmate wat mekaar ~~tot~~ dusver miskien nog nie so goed geken het nie? Gaan dit eerstens om die organisering van al die geestelike aktiwiteite ~~alleen~~ - insluitende d. gewyde prediking van Sondag tot Sondag? Of moet daar ten grondslag van dit alles iets dieper, iets groters lê?

Ons teksvers, saam met die gedeelte waaruit ons teksvers kom, gee die antwoord en laat ons sien dat dit eerstens gaan, nie om 'n nuwe verhouding waarin ons as gemeenteslede te staan kom voor mekaar, voor die Kerk of 'n ~~nuwe~~ gemeente, nie. dat dit eerstens gaan om 'n nuwe verhouding waarin die mens te staan kom voor God in X. Jesus; dat dit hier gaan om die diepste nood van die mens se hart; sy behoefte aan versoening met God, en om die vraag: Sal ek hier bevrediging vir hd. behoefte vind? Of moet ek dit elders soek?

Ons let dan op:

I Die Behoefte aan Versoening:

Die gesk. v.d. mens is dié van volmaakte geluk in gemeenskap

met God – word versteur deur d. sonde. Die aanblik van d. engel van God met vlammende swaard die poort v.d. paradys versper het, het d. mens beter besef watter groot breuk hy veroorsaak het tussen God en homself; toe eers het hy bewus geword van die pynlike skeiding wat d. mens sy geluk ontneem het, hom uitgestoot het in die wildernis, verlate en verlore – soekend en roepend – sonder God en sonder hoop in die wêreld; gewelddadige verstoring v.d. Vader-Kind-verhouding!

Dit alles het d. mens gelaat met 'n diepe onrus, 'n groot leegheid in sy siel, 'n honger na vrede en vergifnis en vertroue. Die mens was soos 'n man wat deur 'n daad van wrede ontrou (man of vrou) 'n groot liefde verloor het – en nou is sy hele wese roepende na hierdie gemis te herstel!

Deur al d. eeue heen was dit bewus of onbewus, die groot behoefte v. elke mens se hart: Hoe kom ek by God uit? Hoe raak ek versoen met God? // Watter pogings het d. mens nie aangewend om hd behoefte te bevredig: eindelose selfmarteling, ongeloof-like selfopoffering, matelose selfhandhawing v. uitlewing, verdieping in een godsdiens of kultuur na die ander .....

Nr. ten spyte van al sy aktiwiteit, sy kennis, sy wetenskap v kultuur, sy uitvindinge v tegniek, sy beskawing v opvoeding bly diep in d. hart van d. mens hd. roep: Waar vind ek God? Hoe raak ek versoen met God? Hoe kan ek die ou dinge afgooi en 'n nuwe mens word?

## II Die Verkryging van hd. Versoening:

Teenoor d. mens se innerlike magteloosheid & gebrokenheid staan daar God: in sy heiligheid en heerlikheid; God, wat toorn oor alle sonde omdat dit die verhouding tussen Vader en Kind vernietig en versuur het; God, wat treur oor sy gevalle skepsel. Sou God iets daaraan om versoening te bewerk, d. breuk te herstel, d. mens weer sy eie heerlikheid as beelddraer van God terug te skenk?

Ja, God sou: die antwd v. God op dd. toorn teen sonde sou wees dat Hy sy eie Seun gestuur het om d. breuk te herstel, om d. skeiding te heel, om d. mensdom weer met God te versoen. Dit was God wat hd. versoening bewerk het – vir die hele wêreld – waartoe geen mens instaat was nie. Hoe?

① Deurdat Hy sy eie Seun vir al ons skuld & oortreding laat boet het – ons rekeninge teen ons vereffen het toe ons in totale bankrotskap gelikwideer moes word

② Deurdat Hy ons 'n nuwe aanbod gemaak het van verlossing uit genade, van bevryding van d. magte wat ons knel & bind

③ Deurdat Hy mense geroep het om 'n smagtende, soekende mensdom 'n heerlike boodskap oor te dra: „die bediening v.d. versoening" dws.. die „die woord v.d. versoening", die boodskap wat aan mense oorgebring word van die ewige liefde van God wat in Xt Jesus d. mens terugbring tot sy oorspronklike lewe–

Wat dit alles inhou:

a) Vir die boodskapper van God: Moet besef hy tree op as gesant om Xtus wil;

~~na mense~~ [verouderd] met d. wete dat hy 'n boodskap 'n wd. van enige bewyding het, van verlossende krag, van vernuwende lewe wat geen gelyke op aarde het nie! Dat hy bevoorreg & verplig is om dit te verkondig as d. belangrikste boodskap van alle tye vir alle mense! „Wee my as ek hd. evangelie nie verkondig nie!"

b) Vir die ontvangers:

III Die oproep tot Versoening: v. 20: „Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen". As II waar is, dan moet III volg: wat dit in-hou:

1) Kom tot vrede met God: herstel d. gebroke verhouding tussen u en God; laat God toe om u te wys waar en hoe hd. verhouding verbreek is en hoe dit herstel kan word

2) Kom tot vrede met u naaste: As die mens versoen is met God, soek hy ook vrede m. sy medmens: verlang hy na mooi & suiwer verhoudinge tussen mens & mens: man & vrou, ouer & kind, werkgewer & werknemer, een volksgroep en 'n ander, een ras & 'n ander.

3) Kom tot vrede met die lewe: Die lewe kry vir u 'n gans ander betekenis – dit kry sin & doel: ook die teenslae & teleurstellinge. Dis nie dat u d. lewe fatalisties aanvaar nie – nee: juis omdat Xt. gesê het: Hou goeie moed – Ek het d. wêreld oorwin!

→ Nou kan ons weer vra: Waarom word 'n gemeente gestig? 'n Herder & leraar beroep? 'n Kerk gebou? Die erediens instand gehou? Waarom?